



# KAMMANUUS

Nommer 239

28 Julie 2008

## TOULEIER

### Oor die yskoue lente en unieke CD'S



Vandag se *Touleier* gaan oor 'n paar verskillende brokkies wat ek graag met mede Kammalanders wil deel.

Tipies Duskantland, moet ek altyd eers oor die weer gesels voor ons by die minder belangrike goed kom. Hier in die suidelike helfte van die aardbol lyk dit my Moeder Natuur weet iets wat die res van ons nie weet nie. Dis nog maar middel Julie en steeds vrek koud hier in Josey.

Wat ek egter nie kan verstaan nie, is dat die seringboom buite my kantoorvenster reeds sterk aan't bot is. Terwyl die muisvoëls en die grys loeries nog van kaal tak tot kaal tak wip en peusel aan die oorblyfsels van die wit bessies van laas seisoen, is al die punte van die boom reeds 'n helder groen soos die vars nuwe blaartjies uitvou in afwagting op die lente. Lente? Daar is dan steeds sneeu in die Sederberge!

Is daar dalk enigiemand daar buite wat kan verklaar wat hier aangaan? Skryf en vertel!

### Unieke CD's op ons webwerf

Ek wil graag baie dankie se aan al die mense wat so vinnig reageer het om die CD *Doepa* te bestel. Helena Conradie se verwerking van George Weideman se skryfgoed is bobaaswerk, en haar passie vir die soort ding kom duidelik deur in haar voordrag en vertolking van sy werke.

Soos ek in die Laslappie vertel het, is George terminaal siek en is hierdie unieke CD rêrig 'n baie spesiale pêrel in die kroon van Afrikaanse literatuur. 'n Ryp granaat van ons taal, om rustig aan te smul waar dit stil is. 'n Lekker luisterskat waarna jy keer na keer van nuuts af kan luister.

Ek het 'n bladsy op Onsdorp geskep waar jy jou eie Doepa kan gaan bestel. Elke CD het ook sy eie boekie by waarmee jy die woorde kan volg. Maak net gou, want daar is slegs 'n paar honderd oor.

Daar is ook van die ander produkte van Helena, soos die gewilde kinder CD genaamd My Ouma het Skeffie Beffel, 'n ideale geskenk vir 'n kind.

Met die feestyd op pad, kan jy nou al KERSFEES HIER BY ONS aankoop as geskenk vir vriende en familie (veral julle klomp daar in Anderkantland). Ander CD's dek die werke van Sheila Cussons, TT Cloete en Boerneef. Helena gebruik ook die stem van Annelise Wiid in haar samestellings. Die musiek op die TT Cloete CD is meestal klassiek en maak dus ook 'n baie oulike Kersgeskenk

Gaan kyk gerus na Helena se versameling CD's op [www.onsdorp.com/cds.html](http://www.onsdorp.com/cds.html) Kammanuus kry darem ook 'n paar randjies om ons bedryfskoste te help dek vir elke CD wat jy aankoop!

Laastens, vir almal hier in Duskantland wat skottel TV het, kyk bietjie hierdie **Woensdagaand om 8 uur na Kwêla op KYKnet (Kanaal 111)**. Daar is 'n baie goeie kans dat Jors Troelie 'n paar woorde gaan wissel met Pieter Koen oor ons doen en late in die tunnels van die Gautrein! Kyk bietjie watter groot masjiene ons daar gebruik.

So baai de wei, ons het toe baie gou gou daai gat in Oxfordstraat toegegooi en die TBM boor al lank weer rustig voort!

**Hennie Greeff**  
Gomorra, Duskantland

**RSG - Donderdag 31 Julie - 09:00 - 10:00**

Die program handel oor die Gautrein en Neef Hennie gesels daaroor en oor die Onsdorp-webwerf. Skakel gerus in!



# ROELFIE SLAAT RAAK

## □ Niks ernstigs nie

DINGE op die politieke front begin al amper belowend lyk, met ANC-leiers wat begin vrees dat hulle in volgende jaar se verkiesing die beheer oor die Wes-Kaap, Noord-Kaap en Gauteng-jou-lekka-deng kan verloor.

Antie Patrys die Lelie voeg sommer die Oos-Kaap en Noordwes by die lysie.

En tussen-in loof Tafelenbedjie Oom Mandela se "edele visie vir Suid-Afrika."

Nou hoef 'n mens nie wit of slim te wees om te weet dat daar amper boggerol van die "edel visie" gekom het nie. Die leiers het mos nie gestrugel om arm te bly nie!

Dit lyk of al meer kiesers dit ook só begin sien, maar Roelfie heg nie veel waarde daaraan nie.

► **Daar is mos niks verkeerd wat nie met nog 'n paar leë beloftes, anti-wit optredes en 'n paar slagbeeste vir die kiesers reggestel kan word nie.**

## □ Arme neef Trewwer



DIS welbekend dat Roelfie uit die hele houtkas net en slegs vir Klewwer Trewwer Handrat respek het - en nou word die arme man skoon oorlaai, soos dit maar altyd met goeie werkers gaan.

Ons minister van geld moet nou die Land Bank gemors - en die vermorsing of verduistering van R2 miljard - by Lawwe Loeloe Kingbanana, die minister van plase, se toesig oorneem en probeer regruk.

Maar moenie dink Loeloe gaan gefire word nie - nee, dit werk nie so nie. Net soos die landdros wat 13 vermeende misdadigers se sake van die rol geskrap het omdat sy moeg was, ook skotvry wegkom. Jackie Selebrity, Tony Yengbenzi.

► **Is mos maar hoe dit deeske dae gaan.**

## □ Ministers boet salarisse in

DIE salarisse van regeringsministers word gehalveer om die koste van die verlaging in brandstofpryse teen te werk.

Nee, dis geen grap nie: Dis presies wat gebeur . . . in die Ivoorkus!

In Duskantland het Klewwer Trewwer nee gesê vir 'n verlaging in brandstof en ander toegifte. Hy sukkel seker reeds om die soustrein op sy spoor te hou, en nou moet hy nog R1 miljoen uitkrap sodat Dilemma Motlampie die reeds oorbevolkte presidensie kan betree. Dis nou om Jakob Stortkop tevrede te hou.

► **Alles deel van die prys van die binnevegte in die regering.**

## □ Is daar dan 'n verskil?

DIE kabaal wat die land regeer - dis nou die bonte versameling kamerade, kommuniste, vakbondleiers en ander vabonde - wil glo vroeg in die nuwe jaar 'n healtydse politieke skool in Gautengaleng tot stand bring.

En soos julle Roelfie ken, was sy eerste gedagte dat mense voortaan 'n graad in korrupsie, wanbestuur en omkoperij sal kan behaal. (Roelfie se buurman sê dis heel onnodig: Hulle word sommer daarmee gebore . . .)

Maar nee, daar gaan glo 'n "omvattende strategie" begin word wat "die ANC in staat sal stel om hom te help om sy kaders in sleutelgebiede te versprei waar die transformasie-agenda nagestreef word."

► **Nou ja, is dit nie maar dieselfde ding nie?**

## □ Botanne sorg vir pret

DAAR'S niks vir Roelfie so prettig is as wanneer kamerade, vryheidsvegters en huidig bevoorreedes mekaar aanvat nie.

Soos dat die SA Sportfederasie en Olimpiese Komitee (Sascoc) weier om iets te doen te hê met Botanne Komphela, voorsitter van die volkiesraad se sportskomitee. Dis nou oorlat Botanne - wat baie te sê het oor alles waarvan hy bitter min weet - gekla het dat Sascoc vol wittes en Indiërs sit wat nie transformasie verstaan nie.

► **Maar eintlik verstaan ons almal transformasie baie goed: Dit skep ruimte en mag vir idiote soos die einste Botanne.**

# Allegaartjie



## DIE VOORLOPER

Oormôre se nuus vandag!

### Al hoe meer spaarvarkies opgeblaas soos misdadigers gesinne begin

DIE polisie sê daar is 'n groot toename in die opblaas van spaarvarkies, en dat dit 'n normale ontwikkeling is.

"'n Klomp OTM-bomplanters het met gesinne begin," het 'n polisiewoordvoerder gesê. "Gewapende roof is 'n groeiende industrie, so dit is vanselfsprekend dat hulle hul kinders die bedryf wil leer." Die opblaas van OTM's is so algemeen dat dit nie eers meer nuus is nie, maar die opblaas van spaarvarkies is 'n heel nuwe verskynsel.

"Die bomplanters trek nou uit die townships na middelklas woongebiede en begin met gesinne. Dis duidelik dat hulle hul vaardighede aan die volgende geslag wil oordra," het maj. Bos Oorlog gesê.

Die polisie het dagmoeders en kindertuinonderwysers gewaarsku om op te let na kleuters wat vreemd optree. "Sulke kinders is humeurig, speel apart en spog met die plastiese plofstowwe in hul kosblikkies."

Toe *Voorloper* gevra het wat die polisie aan die situasie doen, het Bos Oorlog gesê: "Ag, jy weet, die ge-wone. Soos parkeer onder brûe, eet steak-en-niertjie pasteie en trek jong wit vroue van die pad af en beboet hulle omdat hul bande effens afgeloop is.

"Jy weet, gewone dag-tot-dag polisiëring."

### SABC vra wet teen wittes se pensioene

DIE SABC het by monde van sy loodswaaiende hoof, mnr. Mpoefies ja Mpoefies, gesê die regering gaan gevra word om wetgewing in te dien teen die uitbetaling van pensioene aan "apartheids-drywers" wat die diens voor 1994 verlaat het.

"Hulle het hulself verryk met vals propaganda teen die bevryders en die SABC in 'n geldelike penarie geplaas waarvan ons nog nie herstel het nie," het hy gesê.

Swart werknemers wat vir die apartheidsbase gewerk het, se pensioene sal ook gebruik word vir die heropbou van die korporasie.

Hulle sal vergoed word met plase van die setlaars.

### Duitsland gaan 2010 sokker oorneem

Volgens 'n regeringswoordvoerder word daar met Duitsland onderhandel om die toernooi oor te neem.

In ruil vir nog R20 miljard uit die belastingbetaler se sak, het die Duitsers belowe om 'n onvergeetlike en outentieke Afrika-skouspel kompleet met vuvuzelas aan te bied.

Die kontrak vir die vervaardiging van die vuvuzelas gaan toegeken word aan 'n swart bemagtigingsmaatskappy waarin al die ministers aandeel het.

### Cosatu staak, min verandering

Die vakverbond Cosatu gaan oormôre met 'n staking begin wat "die hele land tot 'n algehele stilstand sal bring." Kenners verwag egter dat bitter min mense enige verandering sal bespeur.

Stadsbestuurders sukkel oral om personeel te hanteer wat reeds staak vir 1.3 miljoen jaar se deernisverlof vir die begrafnis van 2.6 miljard van hul voorouers.

### Oos-Kaap gaan ontvolk word om herstel te bespoedig, gaan sy premier sê

DRASTIESE maatreëls gaan ingestel word om die Oos-Kaap van homself te red, het die premier, me. Em Bezzle, oormôre in die raadgever gesê.

"Ons het nou die punt bereik waar dit nie meer moontlik is om die provinsie van homself te red nie," het die premier gesê.

Sy het gesê dat die paaie, skole, hospitale en alle openbare dienste nie verder agteruit kan gaan nie.

"Moeilik soos dit is om te glo moet ek erken dat die situasie hier erger is as in provinsies soos Mpoepallankal.

"Daar is net een oplossing: ons moet 'n draad om die Oos-Kaap span, en wag dat nuwe setlaars eendag intrek om die herstelwerk te doen."

Na verneem word, is maatreëls reeds in plek om die Oos-Kapenaars wat nog nie in die Wes-Kaap is nie, soontoe te vervoer.

Die premier het gesê sowat 70% van die Oos-Kaapse inwoners is reeds in die Wes-Kaap.

"Die Wes-Kaap is histories deur apartheid bevoordeel,

en daar is baie meer om te verdeel as hier. Dit is 'n regstelling wat noodsaaklik is as ons die rewolusie van 1992 wil voltooi."

Sy het bygevoeg dat die Wes-Kaap ook oor baie beter dienste beskik op grond wat nog deur plakkers beset kan word.

"Hulle sê daar is nie meer grond vir behuising in die Wes-Kaap nie. Dis nonsens.

"Daar is groot, uitgestrekte wynplase met 'n baie lae bevolkingsdigtheid.

"Ons mense gee nie om om naby mekaar te bly nie en ons reken dat jy tot soveel as 300 000 mense op 'n wynplase kan vestig."

Sy het bygevoeg dat dit ook sal help om drankmisbruik te voorkom as daar minder wyn is.

Alle Oos-Kaapse amptenare sal die trek meemaak en sal vir die volgende tien jaar op betaalde langverlof geplaas word om geld te spaar.



# Dié week se giggels



## GOED BY MA GELEER

Sy het my oor fotosintese geleer:

"Lyk dit vir jou of geld op my rug groei?"

Sy het my geleer om altyd nederig en klein te wees: "Mannetjie!"

Sy het my van die weer geleer:

"Dit lyk of 'n dekselse orkaan jou kamer getref het!"

Sy het my van fauna en flora geleer:

"Moenie vir my vertel perdedrolle is vye nie!"

Sy het my van humor geleer:

"Hou aan lag, dan gee ek jou iets om oor te huil ook!"

## VREEMDE NAAM

Die ouma en haar kleinseun loop in die supermark.

Ouma: "Diploma, gee vir my die suiker. Diploma, sit daardie lekker neer."

Kassier: "Mevrou, is u kleinseun se naam regtig Diploma?"

Ouma: "Ja."

Kassier: "Maar hoekom so 'n vreemde naam?"

Ouma: "Want ek het my dogter kollege toe gestuur, en dit is wat sy terugbring het!"

## NUTTIGE MAN

Hendrik het vir sy jaarlikse mediese ondersoek gegaan. Terwyl hy aantrek, gesels die dokter suutjies met sy vrou.

"Om baie eerlik te wees," sê hy rustig, "ek hou nie van die manier wat jou man lyk nie."

"Wel, ek ook nie," sê die vrou. "Maar hy is taamlik nuttig in die huis rond."

## HEMELSE ORKES

Die twee ou vriende was mal oor musiek. Op die een se sterfbed belowe hy om te kom vertel watse musiek daar in die hemel is, en of daar plek in die orkes vir hulle sal wees.

'n Paar dae na sy afsterwe verskyn hy toe ook aan sy maat.

"Daar is goeie nuus, en slegte nuus.

Die goeie nuus is daar is plek vir 'n klarinetspeler - dis ek - en daar sal plek wees vir 'n vioolspeler - dis jy."

"En wat is dit slegte nuus?"

"Man, Petrus het 'n vrou wat met alles wil saamsing."

## BMW EN KEWER

Die BMW vra vir die Kewer:

"Hoekom sit jou oë buite jou kop en nie binne-in soos myne nie?"

Die Kewer sê:

"Kom ons druk jou engin in jou stert op, dan kyk ons hoe lyk jy!!!"

## KOEBAAI!

"Totsiens, skat," sê die vrou en gee haar man 'n klapsoen. "Ons gaan winkel toe."

"Wie's 'ons?'" vra hy.

"Ek en jou beursie."

## HÄGAR DIE VERSKRILIKLIKE deur Dik Browne





## MAKERIEPAS!

### In die weermag leer jy altyd meer

Deur Skutter Lombard SP

Opleiding hou net nie op in die weermag nie. Na basies, soos toe ons op die grens aankom, moes ons nuwe vaardighede aanleer.

Van die dinge wat ons moes aanleer klink bra simpel, maar dit kan jou jou lewe kos as jy dit nie doen nie. Soos om al jou toerusting só te pak dat dit nie geraas maak as jy loop nie.

Die grootse probleem was dat jou dixies altyd geraas het as jy geloop of gehardloop het. Dixies is vierkantige, aluminium-varkpanne, een kleiner as die ander een sodat hulle in mekaar kan pas. Hulle het sulke draadhandvatsels wat jy kan plat vou.

Die varkpanne is weer vlekvrystaalskinkborde waarin daar verskillende holtes gedruk is sodat jy jou hele ete van pap tot poeding daarop kan skep.

Varkpanne word gebruik in die basis, en dixies in die veld. Wat ons gedoen het, was om dan stoflappe om elke dixie te draai sodat die dixie se handvatsels nie raas nie.

Alles wat jy droog wou hou, moes individueel in plastieksakkies toegedraai word. So het ons ons klein Bybeltjies in plastiese sakkies toegedraai. Jou sigarette, vir dié wat gerook het, is ook toegedraai.

So is ons geleer om alles klankdig, of kom ons noem dit liever geraasloos, te maak. Dit klink miskien onnodig, maar as mens in 'n bos is, en iets begin raas, kan die vyand jou so opspoor en doodskiet.

Nog iets wat ons aangeleer het was om in die aande te gaan stort voor ons op patrollie gaan. Die rede daarvoor is dat as jy die oggend gaan stort en skeer en dan in die veld patrollie gaan loop, kan die vyand jou op 'n afstand ruik, omdat jy nog die seepreuk aan jou het.

So moes ons ook waar ons op patrollie was en dalk gerus het, netjies skoongemaak het. Die vyand kan baie van jou deur jou rommel agterkom.

Alle batterye moes heeltemal opgekap word, aangesien die vyand die bietjie krag wat dalk nog oor is in die battery kan gebruik om 'n bom te maak wat deur die battery ontsteek word.

As jy koeldrank oopmaak, moet jy die ringetjie in die blikkie gooi en dan die koeldrank drink.

Al die paaie op die grens was grondpaaie. As jy die ringetjie op die pad gooi, en die manne met die metaalverklidders vee die pad, moet hulle elke paar meter stop, oopgrou en kyk of dit nie 'n land myn is nie.

So mors jy dan baie kosbare tyd en geld.

Dit is een van die dinge van die weermag wat my nog altyd bygebly het, want tot vandag toe, wanneer ek 'n blikkie koeldrank drink, breek ek die ringetjie af en gooi dit in die blikkie. 'n Gewoonte wat ek seker nooit in my lewe sal afleer nie.

## TWEE LAWWE GRAPPIES

### Swak diens

Klein Jannie was in die kerk toe nagmaal bedien word. Sy ma het vir hom verduidelik dat hy nog te klein is om nagmaal te gebruik.

Toe die kollektebordjie omgestuur word, sê sy vir hom om sy kollekte in te gooi.

Maar Jannie hou sy muntstuk styf vas, en sê: "As ek nie mag eet en drink nie, betaal ek nie!"

### Wittebrood

Definisie van 'n wittebrood:

'n Man se laaste vakansie voor hy vir 'n nuwe baas begin werk.



# Ons vriende met vlerke

Deur Reinderd Visser



Driebandstrandkiewiet

## Strandkiewiete in Kannaland?

NOEM 'n voël 'n kiewiet, en ek sal nie 'n oog knip as jy my vertel hy kom hier in die Klein-Karoo voor nie, maar doop hom "strandkiewiet" en ek loop soek hom veel eerder langs die see as hier.

Moenie glo nie, hier by ons is toe wel enkeles met die naam strandkiewiet, en ek gesels vandag oor die twee algemeenstes.

Strandkiewiete is heelwat kleiner as die gewone kiewiete waarvan ek jou al by 'n vorige geleentheid vertel het (die Kroonkiewiet en Bontkiewiet). Hulle hou gewoonlik van water en is minder opvallend. Merk jy wel een van hulle op, is dit darem nie te moeilik om uit te werk na wie jy kyk nie. Trouens, die twee se beskrywende name is byna genoeg om jou daarmee te help – Driebandstrandkiewiet (Threebanded Plover) en Geelborsstrandkiewiet (Kittlitz's Plover).

Eersgenoemde het 'n donker kroon op die kop en twee duidelike swart bande om die keel met 'n witte tussen-in. Die helder rooi om die oog en die basis van die snawel help ook.

Die Geelborsstrandkiewiet het presies dit wat sy naam sê - 'n gelerige bors. Dan is daar ook die swart streep deur die oog en om die nek om te help met die uitken. Neem gerus kennis, as jy veral in die somertyd 'n voël van hul grootte langs 'n dam of oop rivieroewer sien, kan dit een van baie ander wees, kyk DUS maar dadelik uit vir hierdie merke!

Hierdie ander vales is trekvoëls wat uit die Noordelike Halfrond by ons kom kuier. Ek oorweeg dit nog of ek jou van die rêrige vaal voëls langs die water gaan vertel – glo my, om hulle uit te ken is nie vir sissies nie!

Die Driebandstrandkiewiet is die meer algemene een hier by ons en semi-getrou aan sy naam sal jy hom meeste van die tyd naby water kry. Hy hou veral van damme en riviere met 'n breë oewer. Hier sal hy homself letterlik dag en nag besig hou met kos soek.

Ironies genoeg sal jy hom min of glad nie langs seewater-strande kry nie, al dra hy die naam strandkiewiet. Hy verkies vars water. Praat van 'n verwarrende naam! Nesmaak is vir die mannetjie bloot om sy bors teen die sand te druk en in die rondte te draai totdat 'n vlak bakkie in die grond vorm. As vrouetjie nie met die holtetjie tevrede is nie, probeer hy maar weer elders.

Tipies kiewiet is hulle grondbewoners en dit is 'n gevaarlike wêreld. Anders as boombewoners waarvan die kuikens feitlik sonder vere gebore word en ten minste twee weke neem om gereed te wees om die nes te verlaat, is dit nodig dat hierdie kuikens somer dadelik te stap en binne 24 uur self vreet.

Daar is mos altyd 'n stroom-op broer of oom of neef in die familie wat gereeld in die verkeerde rigting in beur.

Wel, die Geelborsstrandkiewiet is een so 'n familielid. Strandkiewiete is tipiese watervoëls - jy gaan soek hom gewoonlik reg langs die wate, maar nie dié een nie!

As die volstruisboere in die omgewing gereeld kyk watter kleinerige voëls in die omgewing van die voerbakke rondtrippel, is die kans redelik goed dat hulle hierdie meneer in 'n stadium sal raakloop, somer ver van water af.

Ja, hy wei wel nou en dan langs die water, maar sal ewe maklik in die dorre Karoo gaan kos soek (o.a. insekte, erdwurms, spinnekoppe en larwes). 'n Gewoonte wat hy wel volledig met die ander kiewiete deel, is die gebruik om vyande se aandag van die kuikens af te trek deur weg te stap en die een vlerk gemaak teen die grond te sleep, so asof hy kwansuis beseer is.

Wanneer die vyand die aandag op hom fokus, vlieg hy weg en die kuikens is weer veilig.

Hierdie twee is gewoonlik heel jaar hier, so kyk gerus uit vir hulle sodra jy weer in die veld of by 'n dam of rivier kom. As jy wil gesels, skakel my by 072 9033 707.



# Brood vir die Blik

## Anna se Sonskynbrood

250ml semelvlökkies

315ml afgeroomde melk

5ml lemoengeursel

250ml sagte bruinsuiker

500g droë vrugtekoekmengsel

375ml bruismeel

Meng semelvlökkies, suiker, melk, vrugte en lemoengeursel. Laat staan vir 2 uur. Sif meel by mengsel. Spuit 'n broodpan met kleefwerende middel en skep mengsel in pan. Bak in voorverhitte oond by 180 °C vir 90 minute of tot 'n toetspen in die middel skoon uitkom.

Laat afkoel, maak met foelie toe en laat staan vir 24 uur voor bediening.

Dit is lekker saam met braaivleis en dan is dit ook nie altyd nodig om eers 'n sous te maak nie.

● **Hierdie resep kom uit een van Anna Eksteen se reeks e-kookboeke.** Onsdorp sal binnekort al haar boeke op ons webwerf by [www.onsdorp.com](http://www.onsdorp.com) te koop aanbied.



## STAMBOOM

### Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

#### Krause

[milterblanche@absamail.co.za](mailto:milterblanche@absamail.co.za)

Albert Wilhelm Krause gebore in die Dundee/Newcastle, Natal-area Trou met Dina Maria Magdalena Swanepoel.

#### Steyn/Lucouw

[alee01@lantic.net](mailto:alee01@lantic.net)

Ek soek inligting oor die volgende vanne: Steyn (die familie van Gert Hendrik Andreas wat in sy laaste jare op Bronhorstspuit gewoon het; Hendrik Frederik Gerardus Lucouw wat as jong seun uit Nederland geïmmigreer het.

#### Van Antwerp

[ria@motheo.co.za](mailto:ria@motheo.co.za)

Familie stamname: Jacobus Petrus en Jan Lodewyk.

#### Dyman

[annatjied@webmail.co.za](mailto:annatjied@webmail.co.za)

#### Botha

[lynette.breedt@gmail.com](mailto:lynette.breedt@gmail.com) Vader in Brits omgewing gebore.

#### Breytenbach

[louisevdmerwe@webmail.co.za](mailto:louisevdmerwe@webmail.co.za)

#### Fourie

[stollie@ananzi.co.za](mailto:stollie@ananzi.co.za)

#### De Beer

[hermien@precrete.co.za](mailto:hermien@precrete.co.za)

#### Els

[santa.els@iafrica.com](mailto:santa.els@iafrica.com)

Addisioneel: Ek soek na die voor- en nageslag van Gerrit Wilhelmus Els \*22.4.1828 x Helena Beatrice NEL \*21.12.1826

#### Maree

[driesmaree@yahoo.com](mailto:driesmaree@yahoo.com)

#### Opperman

[liza.opperman@gmail.com](mailto:liza.opperman@gmail.com)

#### De Ru

[cerlank@gmail.com](mailto:cerlank@gmail.com)

My ma se van was De Ru, my pa was Venter. Hoe begin ek die hele stamboomding terugwerk?

#### Brand

[mailnrpo@gmail.co.za](mailto:mailnrpo@gmail.co.za)

#### Terre' Blanche/Pienaar

[blanfield@gmail.com](mailto:blanfield@gmail.com)

Ons het in 1978 ons familieboomregister ontdek wat in 1684 begin. Al die vangenote is welkom om 'n kopie te vra. Laat ons van julle hoor. Ook inligting gevind oor Pienaar vir dié wat belangstel.



# BRIEWEBUS

## Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com) en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

### Roelfie slaat lelik

**Kobus Eloff, Pretoria:**

Beste Hennie

Baie dankie vir die wonderlike Kammanuus wat ek gereeld van jou ontvang. Ek vind die kommentaar van Roelfie smaakloos en irriterend en dit lyk vir my asof dit al hoe erger word.

Satire is in die haak, maar nou word dit te erg as hy ons president 'n bobbejaan en sy opvolger 'n aap noem.

Is daar niemand wat beswaar hierteen maak nie?

Die res van Kammanuus is 'n heerlike plesier, maar Roelfie behoort aangespreek te word met wat baie swart mense as 'n rassistiese uitspraak sou beskou.

● **Ek het die briefie vir Roelfie gestuur vir kommentaar. Hy antwoord:**

"Uit respek vir die diereryk onderneem ek om nooit weer die term 'bobbejaan' of 'aap' met die leiers van ons piesangrepubliek in verband te bring nie."

### Roelfie vat dinge mooi vas

**Ben van Niekerk, Pretoria:**

Beste Hennie

Ek is een van daardie skuldiges wat nog nooit betaal het vir die nuusbrieffie nie. Ek kry nou al twee jaar lank gereeld my inspuiting humor sommer so saam met my een vir die suiker.

Dit help om my positief te hou en hoewel ek reeds op pensioen is, wil ek tog graag seker maak julle kan aanhou met die *Kammanuus*. Daarom sal ek met my volgende pension bietjie afknyp en vir julle inbetaal.

Ek weet jy gee vir ons oues van dae die briefie verniet, maar tog voel 'n mens jy moet darem wys jy waardeer dit.

Dankie ook aan Roelfie wat my so gereeld kopknikkend en saamstemmend laat glimlag. Hy vat darem maar ons situasie mooi vas met sy insig in ons soustreiners se doen en late.

Hou so aan!

● **Dankie, Ben. Elke ou sentjie hep hou ons op die internet!**



Hier rus  
PANGRAZIO JUVENALES

1968 - 1993

Hy was 'n goeie  
eggenoot

'n Wonderlike vader

Maar 'n slegte  
elektrisiën



# AGTEROS

## Die goeie, slegte en lelike

1. Goed: Jou vrou is swanger.  
Sleg: Dis 'n drieling.  
Lelik: Jy het vyf jaar gelede 'n vasektomie gehad.
2. Goed: Jou vrou praat nie met jou nie.  
Sleg: Sy wil skei.  
Lelik: Sy is 'n prokureur.
3. Goed: Jou jongste seun raak uiteindelik volwasse.  
Sleg: Hy is betrokke by jou buurvrou.  
Lelik: Jy ook.
4. Goed: Jy en jou vrou besluit: geen meer kinders nie.  
Sleg: Jou vrou kry nie haar Pille opgespoor nie.  
Lelik: Jou 13-jarige dogtertjie het hulle geleen.
5. Goed: Jou oudste seun verstaan modes.  
Sleg: Hy's 'n fopdosser.  
Lelik: Hy lyk beter as jou vrou.
6. Goed: Jy vertel jou 10-jarige dogtertjie van die voëltjies en die bytjies.  
Sleg: Sy val jou voortdurend in die rede.  
Lelik: Met korreksies.
7. Goed: Jou seun gaan met iemand nuut uit.  
Sleg: Dis 'n ander man.  
Lelik: Hy's jou beste vriend.
8. Goed: Jou 15-jarige dogter het 'n nuwe werk.  
Sleg: As 'n gesellin.  
Lelik: Jou kollegas is haar beste klante.  
Baie lelik: Sy maak meer geld as jy.



### KAMMANUUS SE HELPHOEKIE

#### SKOOLREÛNIE

Ek wil graag my St. 5-klas van 1962 aan die Laerskool Parow in Picton Straat probeer opspoor. Ons was by mnr. Van Zyl in die klas. Selfs die kinders wat in die 1961-klas was, is welkom om my te kontak. Ek en 'n vriendin wat saam was wil graag 'n byeenkoms probeer reël vir volgende jaar.

**Denise Smith (Carstens)** - Destydse Hoofdogter.  
082 927 5449    021 591 9846

#### ALLEENLOPER-SAAMTREK

Ons hou op 10 Augustus van 10:00 af 'n alleenloper-samekoms vir kieskeruige enkelinge in Centurion.

Kuier gesellig saam, ontmoet nuwe vriende en vriendinne van oraloor. Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom. Middagete ingesluit. Vir besprekings, skakel asb. 012-667 5317 of 076 105 7747

**Daar is weer 'n KAMMANUUS op  
11 Augustus. Mooi bly!**